

## Profetiese woorde vir 2015 en verder – deel 1

Die Vader het werklik Sy hart vir Sy mense geopenbaar. En daaruit sien ons maar net weer dat ons 'n groot, liefdevolle God dien, wie nie net ons lief het nie. Hy is liefde. Hy is vrede. Hy is al die volle vrug van die Gees.

Maar Hy is ook alles wat ons begeer. Die rede waarom daardie diepste begeertes hier binne-in ons is, is omdat Hy in ons woon en werk deur Sy Gees. Daarom het ons lief en wil ons liefhê en ander dien.

Hierdie onverstaanbare, oneindige Wese wat in soveel dimensies lewe en bestaan, maar ook in die verlede, hede en toekoms is, Hy het vir elkeen van ons 'n spesifieke plek in Sy groter plan. En daar is ook vir elkeen van ons kwaliteit-tyd om alleen te wees met hierdie Here.

Hy het alles wat ons nodig het lankal reeds gebêre in die hemel. Alles. Daar is alles wat ons nodig het om ons talente uit te leef. Die vyand het ons belieg en bedrieg sodat ons soos hoenders net hier rondom ons pik, terwyl ons in werklikheid arende is wat, terwyl ons opkyk na God, met perspektief bo alles kon uitstyg en oor alles kon heers.

Wanneer God praat oor Koninkryk is dit nie eers iets wat in die hemel eendag gaan kom nie. Nee, God se Koninkryk gaan oor Sy heerskappy en Koning wees hier op aarde. Dit moet hier 'n werklikheid word. Dit is immers klaar 'n werklikheid in die hemel.

In 2 Kron. 7:14 het hierdie God gesê: “As ... my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.”

Hier in Suid-Afrika, omdat die intersessors al vir soveel jare bid en uitroep na die Here ... soos die Khoi-vroue, die Xhosa-vroue, die Zoeloe-vroue ... vroue van alle tale, volk en nasies wat hier was. Dit was veral die vroue wat in barensnood was, nie net vir die kinders uit hulle eie liggame nie, maar vir Jesus wat in ons gebore moes word en vir ons om 'n Koninkryk besef te hê.

Dit is wat nou aangebreek het.

Ons is deur die hel. Ons is deur die verdrukking. Jesus, die Koning en Sy Koninkryk is besig om om ons te kom en rondom ons te regeer as Koning. Ons gaan nou sien hoe dit lyk en ervaar hoe dit is.

Die Here het gewys: die regering hier het gesteel van die volk en gesteel van die armes. Maar die vrees van die Here gaan weer op hulle kom. En hulle gaan hulle miljoene gee vir die armes. En soos hulle gehoorsaam word en begin teruggee, gaan God hulle seën. Hy gaan hulle seën met idees om vir mense werk te gee. Hy gaan hulle seën met geld om weer te uitdeel. Hy gaan hulle in alle opsigte seën.

Hoe meer die mense gehoorsaam is, hoe meer gaan God hulle seën. Ons word gered deur genade, maar gehoorsaamheid bring seën.

Wanneer ons losgekoop word van die wêreld, word ons 'n slaaf van Jesus. Maar die gehoorsame slaaf (soos Josef) word aangestel oor ander. Uiteindelik tot net onder die farao. En dan is God se plan om hulle te gebruik tot seën van soveel ander.

Skole en ander opleidingsentrums gaan gebou word, asook hospitale, fabriekke, werkplase, kibboetse en paaie oral in Suid-Afrika.

Maar soos wat die herlewing kom, gaan daar te min skole wees, te min hospitale ... en dan gaan God se Gees ons leer om saam te bid met die medisyne en gaan die mense gesond word.

Die herlewing wat God gesê het is hier gaan nie soos in die verlede net 'n gees-ding wees nie. Dit gaan 'n herlewing wees van DOEN. Die Engelse het mos 'n gesegde: Put your money where your mouth is. In wat jy doen, sal ons jou hart ken. Werke gaan jou hart vertoon.

Dit gaan hier in Suid-Afrika, in Kaapstad, by die Suidpunt van Afrika begin. Dit gaan ook in ons regering begin en deursuur na alles ... van hoog tot laag, van bo na onder, van groot tot klein.

Die Rand gaan sterker word, later selfs sterker as die Pond, die Yen en die Dollar. Omdat God weer gaan terugkom na Suid-Afrika. Julle kan maar vir die besigheidsmense sê hulle kan maar weer koop in Suid-Afrika. Ons eiendom gaan baie waarde kry.

Die stadions gaan vol wees ... Nie net van Suid-Afrikaners wat gekom het nie, maar mense van oraloor die wêreld gaan invlieg om Christus Jesus hier te kom ontmoet. Hulle gaan van oraloor die wêreld hierheen vlieg om Woord hier te kry en vir worship en om dit te kry en te ervaar wat hier aan die gebeur is.

En wanneer die vuur hier begin val, gaan bote en vliegtuie hier van Suid-Afrika af na die res van die wêreld vertrek met hierdie boodskap. En oral waar God mense heen gestuur het, gaan die vuur van die Heilige Gees val om gereed te maak vir Jesus se koms.

Profetiese woorde vir 2015 en verder – Deel 2

God sê: Vir die wat gesaai het, wie se voorouers gesaai het, vir hulle gaan die oes inkom. Miljoene, miljoene, miljoene ...

Die ware Kerk van Jesus gaan weer in die banke oorneem. Die ware Kerk gaan weer in die regering wees.

Satan en sy mense het gesteel wat God vir Sy kinders bedoel het. Baie van hulle gaan tot bekering kom, want God gee nog genadetyd vir hulle. Maar die wat nie na Jesus gaan terugkeer nie en nie die goud teruggee nie, gaan sterf.

Die goud lê daar in die grond weggesteek deur die vyand en sy mense. Goud gaan terugkeer. Goud gaan terugkeer. Goud, diamante, edelgesteentes, gaan terugkom na Suid-Afrika toe. Gaan terugkom na die regering toe.

Die Woord gaan nou oor die geld regeer. Satan gaan nie meer alles toegesluit hou in kluis nie. Die Here gaan die miljoene gee om deur julle te vloei om al die dinge te doen wat die Here wil hê julle moet doen.

Ek sien hoe die engele alreeds besig is om die huise, motors, vliegtuie, alles wat nodig is, bymekaar te maak. Julle gaan net instap ... alles is klaar gedoen.

Die Here sê vir baie van julle: vir baie jare het julle gearbei en swaar gekry en niks gesien nie.

Dikwels sien ons nie in die natuurlike as ons in die Gees arbei nie. Die Here sê: Nou is dit tyd, dat julle wat in die Gees gearbei het, ook in die natuurlike die oes gaan sien manifesteer. Julle wat in die Gees in barensnood en in gebed was en niks met julle gewone oë gesien het nie, julle gaan nou sien en ervaar.

Julle het gedink julle was in die woestyn en het net sand rondom julle gesien. Vir jare. Maar nou gaan dit wees soos wanneer dit reën in die woestyn. In een oomblik gaan alles verander en gaan dit een groot blomtuin wees.

Die Here sê: Dit is nou die tyd! Die reën van die Heilige Gees gaan val in die woestyn en julle gaan die blomtuin sien.

Julle gaan die huise sien en die geestelike kinders en alles wat ons nodig het om te doen wat die Here gedoen wil hê. Alles waaraan jy kan dink.

Die engele gaan vooruit om die weg voor te berei. Die saad wat vir baie jare in die woestyn gesaai is, gaan vermenigvuldig en oes oplewer. En die oes gaan groot wees.

Dit is die tyd waarvan Ps. 126 praat wat waar gaan word. Luister na hierdie lied en word, bemoedig, versterk en vertroos.

“’n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos ’n droom.

Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: ‘Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.’

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.

Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander.

Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.”

Daarom gaan ons nou ’n tyd van fees-vier in. Dit gaan ’n groot fees wees. Dit is soos daardie fees wees in die gelykenis van die arbeiders wat na die fees uitgenooi word. Ons sal na die fees gaan. En daar gaan diegene wees wat in die kerk was, wat as volgelingen van Jesus gereken is, wat selfs in hoë posisies in die kerk was, maar nie gewaardeer het wat God in Christus gedoen het nie. Hulle het hulle rug op Jesus gedraai of agter ander dinge aangeloop. Hulle het die Vader en Sy dinge vergeet. Hulle was so besig om die gawes van die Vader te gebruik en daarop te fokus. En hulle gaan wegval.

Ek sien hoe geestelike leiers al die jare hierdie mense wat hard gewerk het in die woestyn met veragting en minagting bejeën. Maar hierdie leiers gaan soos seders val en hulle val gaan hard wees. Maar die mense op wie die mense gespoeg het en wat verag was, gaan verwelkom word deur die Vader. Oornag sal diegene wat Ek kan vertrou, sê die Here, hierdie gevalle leiers se posisies inneem.

Hulle wat deur die Gees gelei word, is die ware kinders van God. Hulle is nie kinders van die wet nie. Hulle is kinders van die waarheid, van die lewende, heilige God.

Dit is weer nodig dat ons seker sal maak van wat die hart van die Waarheid en die hart van die Evangelie is en weer doelbewus kies om daarmee besig te wees en ons nie te vermoei met daardie dinge wat ons plat koppies nie verstaan nie. As dit God se wil is, sal Hy ook dit aan ons openbaar. Intussen moet ons maar net daardie dinge glo en vashou wat reg is en ons oog hou op Jesus alleen en met Sy dinge besig bly.

### Profetiese woorde vir 2015 en verder – Deel 3

Ons Godsvertroue moet meer word en ons selfvertroue al hoe minder. Daar het so baie valse leerstellings in die kerk ingesluip. Mense is geleer om op hulleself te vertrou om dinge te laat gebeur. Daar is gefokus op hoe belangrik jou eie-ek is en hoe belangrik jy is. En mense is nie geleer dat die hart van dissipel-wees van Jesus is om te sterf aan jouself nie.

Sterf aan self en jou eie-ek beteken maar net dat God se wil alleen moet geld in ons lewe. Nie my wil nie. En daarvoor moet ons ten volle oorgegee wees.

Die Here openbaar ook dat Sy wil is dat ons as Sy kinders seuns van God moet word. Om 'n Seun van God te wees is 'n posisie van geestelike outoriteit vir beide die man of vrou. Dit het niks met geslag te make nie. Maar dit het alles te make daarmee dat God se plan vir ons is dat ons nie meer slawe van God nie sal wees wat net opdragte van God kry en dit dan moet gaan doen nie. Nee, Sy uiteindelijke oogmerk vir ons is dat ons seuns van God sal word en saam met Hom sal regeer. Alle outoriteit is aan Christus in ons gegee en ons moet leer om dit in Sy diens reg te gebruik.

Die Here het aan ons die huurpag van die aarde gegee waar ons nou namens Hom die volle outoriteit het.

Ons groei in hierdie posisie in. By ons wedergeboorte was ons geestelike babas, wat moes groei om klein kinders en nog later jongmense te word, maar Sy uiteindelijke oogmerk is dat ons tot volle volwassenheid sal ontwikkel as seuns van God.

Ons het soms in die kerk te veel outoriteit aan geestelike babas gegee sonder om hulle behoorlik te mentor en hulle te leer om net onder die bevel van die Vader en die beheer van die Gees te wees.

As God se geslag seuns moet ons leer om te heers en te regeer hier op aarde, oral waar God ons wil gebruik.

Oor die herlewing wat kom hoor ek die volgende:

Ek sien hoe die regering gaan buig en op hulle knieë kom voor die Here. En wanneer dit gaan gebeur, gaan hulle uitroep na die ware Kerk, na die profete, ens.

Die Here sal ons help om reg te staan vir wanneer dit gebeur.

Die Here gaan vir hulle sê wat hulle moet doen, soos wat die Here destyds vir die hoofman oor honderd aangesê het om na Petrus se huis toe te gaan. Petrus het ook reeds geweet wat hy moet doen. Net so gaan die Here vir die regering sê: Daardie mense sal julle kan help.

Die regering gaan weer vir die Kerk vra hoe om te regeer. En die regering gaan, soos in die tyd van Nebukadnesar, die nodige aan die Kerk gee om te doen wat hulle moet doen.

Die regering gaan of buig voor die ware God, of hulle gaan, soos Nebukadnesar, gras eet soos diere.

Ook in die kerk gaan die leiers wat nie buig voor die ware God en sy planne nie, net soos Nebukadnesar, gras eet soos diere.

En dit geld vir alle leiers op alle gebiede!

Die mense gaan julle herken as die mense wat Ek gestuur het. As gevolg van die tyd wat julle in My teenwoordigheid spandeer het, sal julle gesigte blink. Julle woorde sal soet wees soos heuning vir diegene wat genesing nodig het. Maar julle woorde gaan vlymskerp wees en soos vuur wees teenoor elke demoniese aanval.

Dankie, Jesus, dat U die sleutels van die Koninkryk vir U ware dissipels gegee het. Dankie, dat U U mense aantrek met die lig van U heerlijkheid. Dankie, Here, dat U U mense gaan herstel tot volkome gesondheid, die gesondheid van 'n 30-jarige. Hulle oë sal glinster en hulle liggame sal volkome genees wees.

#### Profetiese woorde vir 2015 en verder – Deel 4

Die Here wys vir my sulke goue sleutels. Grotes en kleintjies. Dit is die sleutels van die openbaringe in die eindtyd. Daardie sleutels sal skatte van wysheid en kennis oopsluit. Ek sien 'n ontploffing van kennis onder die kinders van God. Veral hier in Suid-Afrika.

Die rede hiervoor is omdat Suid-Afrika die land in die wêreld is waar die Woord van God die meeste verkondig is in die kerke, in die skole en by die huis. Dit is in geen ander land so waar soos in Suid-Afrika nie.

En oor daardie Woord wat oor al die jare verkondig is, blaas die Gees van die Here nou Sy asem en dit word lewendig.

Ons jongmense, ons middeljarige mense en ons ou mense gaan idees kry. Hierdie idees en formules is bedoel om nuwe dinge te vervaardig. Ons gaan bv. ontdek hoe om water skoon te maak sonder gevaarlike chemikalie en gifstowwe soos chloor. En water is immers die sleutel tot die lewe.

Ons gaan weet hoe om vitamieë en minerale terug in die grond te kry sodat die oeste in die landbou mense totaal sal verras.

Saam met die herlewing gaan hierdie wonderlike oeste ook inkom.

Ons gaan hier in Suid-Afrika kos, klere en baie ander dinge vervaardig – China kan maar gaan slaap. Dit gaan wees soos hemel op aarde. Soos God dit van die begin af bedoel het. Dit gaan wees asof die paradys weer terugkom op die aarde.

En die Here gaan goud gee in oorvloed. In oorvloed.

Daar is rykdom hier onder ons. In die woestyne, sodat ons nie nodig het om onder stede te grawe nie. Daar is diamante, goud en olie. In die woestyne van Suid-Afrika is 'n oorvloed diamante, goud en olie. Olie tot vermorsing toe.

En ... dit is al lankal uitgevind maar die duisternis het dit toegehou.

Ons gaan energie kry wat skoon is. Skoon energie vir die vliegtuie, skoon energie vir die motors.

Ek het fabriek gesien. En skole waar kinders op die regte manier soos God dit bedoel het, geleer word.

Daar was 'n fenomenale ontploffing van wysheid en kennis. Mense gaan invlieg na Suid-Afrika toe om te kom leer. Hulle gaan kom bly in hotelle en gastehuse om van die Here te leer en ook te leer van die fabrieke en hoe dinge gedoen moet word. Dit is reeds aan die gebeur.

En die vyand sal nie weer die Woord steel nie. Dit is die hart van God vir nou en deel van Sy oneindige liefde en planne vir ons. (Jer. 29:11-14)

So baie mense in die kerk van die Here Jesus is lewend gemaak deur God, verlos met die Heilige Gees in hulle. Maar hulle is soos die opgewekte Lasarus nog vasgedraai in doods doeke en kan nie ander rondom hulle liefhê nie. Maar nou gaan daar ook hiervan genesing en restourasie kom. Wanneer die mense op wie die vuur van die Gees geval het, die Woord van waarheid bedien, wat hulle in die teenwoordigheid van God gekry het, gaan daardie Waarheid die mense lossny van al hierdie bindinge. En die mense sal vry word en dan na die strate gaan om ook daar te gaan doen wat reg is. Hulle sal huis toe gaan en van hulle baie klere vir die mense gee wat min of niks het nie.

Satan het 'n binding op baie van die kinders van God gesit. Hulle het die waarheid in hulle hart en in hulle kop, maar hulle het nie tot aksie oorgegaan nie. Jakobus sê tereg: Geloof wat nie tot daad oorgaan nie is dood. Geloof is aksie. Ons het te veel gedink dat geloof 'n gevoel is. Geloof is nie dit nie. Geloof is ook nie net 'n wete nie. Geloof is aksie. (Met die hart glo ons en met die mond bely ons en ons word gered).

Die Here sê die herlewing het klaar begin. Dit gaan 'n herlewing van die hart wees. Dit gaan 'n herlewing wees wat tot op die been sny. Die skape en bokke gaan geskei word hier op aarde (Mat. 25). Jy sal kan sien wie Christene is en wie nie. Al weet jy niks van hulle af nie. As hulle daar loop, sal jy sien hoe die lig hulle volg.

Ons gaan die bonatuurlike beleef en in die bonatuurlike lewe. Dit gaan wees asof ons op water loop soos Petrus, maar dit is maar net omdat ons op die Woord gaan staan het. En omdat ons so lewe, gaan die bonatuurlike vir ons meer 'n werklikheid wees as die dinge wat ons met ons gewone oë kan sien.

Sekere dinge gaan val en ander dinge gaan opgebou word. Ouens in hoë poste gaan oornag niks wees nie en ouens wat niks was nie, gaan oornag die poste kry.

Daar kom 'n geweldige paradigma-verskuiwing in die Gees. Ons gaan nie meer in die natuurlike lewe en wandel nie. Ons gaan in die bonatuurlike lewe en beweeg.

Oornag gaan miljoenêrs niks hê nie en oornag gaan die wat gehoorsaam was miljoenêrs word.

Dit is wat ek beleef die lewende God sê vir Sy mense in hierdie tyd. Toets dit, soos 1 Tess. 5:19 tot 24 sê en as dit dan werklik 'n woord van God is, moenie net hoorders van die Woord wees nie. Word dan daders van hierdie Woord.